

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVIII

WOENSDAG, 3 OKTOBER 1973

Nr. 12

**GACHET
APTEEK**

Groot genoeg om u te
bedien
Klein genoeg om u te ken.



**DIE
STUDENTE-APTEEK**

PUKKE KLOP TUKS



Al die moeite en opoffering was nie verniet.

Die Bult Apteeck

NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE
. ONS KEN U BEHOEFTE

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.)
Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer
(B.Sc.-Far) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far)
L.A.V. (Besturend).

Puk wen
die Ted Scales-
Troeie. Jimmy van
Rensburg hou die
gesogte Trofee vas.
Telling 23 - 20

WOENSDAG SE OEFENING



Saterdag 29 September sal nog lank in die PUK se geskiedenis onthou word as die dag wat die PUK se eerste span inter-universitêre kampioene geword het.

PUK het gewen. Vergeet nou die „asse“. As die skeidsregter nie dit of dat gedoen het nie. As die of daardie speler lievers die bal uitgegee of geskop het. As die beseerde spelers gespeel het. Die wedstryd is verby. Die telling is finaal, hou op om te argumenteer.

Iets wat nie tuis hoort by 'n PUK skare nie, is die boery as die skeidsregter 'n beslissing maak. Onthou die skeidsregter is naby, hy kan die beste sien en ken die reëls, aanvaar sy beslissing.


Aan die manne van Tukkies, geluk met die prag vertoning en dankie vir julle uitstekende sportmangees.

Die PUK wat nie na Saterdag trots is om 'n PUK te wees nie, sal nooit 'n ware PUK wees nie. Nie alleen kan ons trots wees op die Theo's (en mm. Johan Claassen) nie, maar ook op die PUK-massa wat in groot getalle by Olënpark was en wat hulle feitlik onberuspelik gedra het.




Harde voorbereiding het die Puk se sege voorafgegaan. Bo wag die voorspelers die bal in gedurende die laaste oefening.

HARDE WERK BELOON



Mnr. Johan Claassen se wewerssoog neem alles in. Op die foto onder bespreek hy 'n paar van die fynere tegniese aspekte met die spelers.



DIE HARDE WERK, DIE SWOEG EN SWEET IS VERGETE, DIE SOETE SMAAK VAN DIE OORWINNING IS NOG OP DIE TONG EN 'N VREUGDE GLIMLAG OP ELKE PUK SE GESIG TE SIEN. WATTER TOESKOUER WAT SATERDAG OP OLËNPARK WAS SAL OOI DIE WEDSTRYD VERGEET?

Dit was 'n uitmuntende vyftien Pukke, wat veral in die eerste helfte vir Tukkies heeltemal onkant en op die verkeerde voet betrap het. Binne 23 minute loop die Puk voor met 13-4.

Die Pukke het sjampanje rugby gespeel. Van Willie de Bruyn op heelagter tot by Koos Snyman die haker het almal sonder uitsondering 'n bars hou gespeel.

Die Pukke se oorwinning van 23-20 oor Tukkies was nie alleenlik 'n welverdiende sege nie,

maar ook 'n triomf vir Johan Claassen. Sy harde werk was duidelik te bespeur. Die ligter agtal van die Puk het veral in die vaste los uitstekende werk verrig. En met 'n blitsige agterlyn wat op die aanval sowel as die verdediging geskitter het, kon die telling baie hoër in die guns van die Puk gewees het.

Om spelers aan die Puk kant uit te sonder sal onregverdig wees. Al vyftien spelers het gespeel soos van hulle verwag was om te speel. Willie de Bruyn was op heelagter 'n steunpilaar, en op die aanval net so gevaarlik soos enige senter. Capie van der Merwe het met twee drieë uitstekend vertoon, terwyl Johan Steyn rotsvas verdedig het en bitter ongelukkig was om nie 'n drie te kon druk nie.

Die Pukke se senterpaar was 'n gedugte kombinasie, dit was telkens Gene en Piet wat of die verdediging in vladdere geskeur het of die agterlyn van Tukkies doodgesmoor het. Schalk van der Merwe het doelmatig geskop en eenkeer pragtig gebreek. Sy agterlyn is planmatig en vinnig weggestuur. Hiervoor was T. van Rensburg ook verantwoordelik, sy diens was onverbeterlik. Johannyn en Shu het hulle

deeglik in die skurms en vastelos laat geld. Haker Koos Snyman het die vasskopstryd teen Ferreira met 6-3 gebuit.

PUNTE.

In die vyfde minuut druk Capie en Willie vervyf, die PUK loop voor 6-0. Tukkies slaan terug en Jo van Vuuren druk, telling 6-4. In die sewentiende minuut druk Koos Snyman en die Pukke is 10-4 voor. In die drie-en-twintigste minuut slaag Willie met 'n strafskop en die rustyd telling is 13-4. In die derde minuut van die tweede helfte breek Piet Roodt skitterend en hardloop pylreguit dwars deur Tukkies om die mooiste drie van die dag te druk, Willie vervyf, 19-4.

Die Tukkies veg hard terug — Van Vuuren druk en Olaf vervyf, telling 19-10.

In die agtiende minuut druk Daan du Plessis, die telling skuif op 19-14. Ses minute later loop Tukkies voor na 'n vervyfde drie van George Killian — telling 20-19. Drie na vier geleenthede van die PUKKE gaan verlore om punte aan te teken. Die speelyd is verby en al wat oorbly is beseringstyd. TOE KOM DIT — in die vier-en-veertigste minuut DRUK CAPIE VAN DER MERWE SY TWEDE DRIE EN DIE EIND TELLING IS PUK 23 — TUKS 20 — EN DIE PUKKE JUIG!



Capie het geleer om te nael.

GELUK THEO'S

Die Pukke jubel. Geskiedenis is gemaak. Die Ted Scales trofee behoort aan ons. As Pukke kan ons met reg daarop aanspraak maak dat ons die Suid-Afrikaanse universitêre kampioene is. Na vyf inter-universitêre wedstryde tree ons onoorwonne uit die stryd — U.P.E., Rhodes, Natal, U.O.V.S. en Tukkies.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om namens die Puk-massa ons eerste span besonder geluk te wens met hierdie prestasie. Ons is met reg trots op elke individuele lid van die span. Ook 'n besondere woord van dank aan hulle en mnr. Johan Claassen vir die opofferings en moeite deur die seisoen om dit alles moontlik te maak. Ons kan hulle die versekering gee dat dit dubbel en dwars die moeite werd was. Hoewel dit hier om rugby gaan kring die tog verder uit op alle terreine.

Die Puk-massa verdien ook 'n pluimpie vir hulle aandeel in die oorwinning. Van Studenteraadskant 'n woord van dank vir u gees en gedrag op die pawiljoen gedurende die wedstryd. Dit was lekker om 'n Puk te wees!

Maar ook aan Tukkies en die ander universiteitspanne waarteen ons gespeel het 'n woord van dank vir die besondere gees waarin die reeks beslis kon word. Om as Afrikaanse en Engelse studente van Suid-Afrika op hierdie vlak te kon ontmoet en op so 'n manier te kon meeding, belooft groot dinge vir die toekoms ook op ander vlakke.

Hartlike Puk-groete. Lekker swot.
PIETER MULDER. (S.R.-Voorsitter).

U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST
RETREADERS**




'N VOLLEDIGE BANEDIENS ONDER EEN DAK!
Groot Voorraad

- NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
GOODYEAR G 800 loopvlak
- Nuutste toestel vir WIELSPORING en
-BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

SO IS TUKKIES GETROEF!



Puk het Saterdag op Olënpark Tuks in die modder in gespeel. Links vertel die horlosie en die telbord ondubbelsinnig die verhaal van die drama. Onder staan Koos Snyman op nadat die Tukkie verdedigers gefaal het. Links onder slaan Capie van der Merwe die eerste spyker in die Tukkie-doodskis. Heel onder druk Joe van Vuuren een van Tuks se drieë.



Op die foto links rank Dries Coetzer duime hoër as Louis Moolman om besit van die bal. Onder duik Piet Roodt oor die doellyn nadat hy die U.P.-verdediging aan flarde gesny het en heel onder skop Capie van der Merwe 'n aanvallende skop vorentoe met Piet Brand, Jimmy van Rensburg, Piet Roodt en Eric le Roux byderhand om hulle deel by te dra (Lg. foto van Potch-Herald)



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel”

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

NUWE TUISTE VAN TED SCEALES



Foto onder: Willie de Bruyn skop
gale toe. Foto regs: Tuks wen 'n
lynstaan.



Foto bo: So lyk die Ted Scales
trofee. Foto onder: Vleuel Johan
Steyn is net te laat om 'n drie te
druk.



FOTO ONDER LINKS: Johan Claassenn glimlag breed terwyl die Theo's-manne om hulle held
saamdrum. FOTO ONDER REGS: 'n Gelukkige Puk-skare dra en vergesel die manne van die veld af.
FOTO HEEL ONDER: Jimmy ontvang die trofee van mev. Scales terwyl Piet toekyk.



MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595



ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND
TRUCKS

